

16 Maart

Psalm 20, (Teks: 20:8 en 9)

Die oplossing van jou nood, lê in Godsvertroue

Die nood van die mens is ontsaglik groot. Dink maar aan die sonde-nood, liggaamlike nood van siekte en pyn, werksnood, finansiële nood, nood in die natuur deur oorstromings of droogte, die nood in gesinne en huwelike of die geestelike nood deur ongeloof of depressie. En die oplossing vir al hierdie nood?

Dit lê in **Godsvertroue!** Dawid bid in Psalm 20 om die oorwinning oor sy nood. Voordat hy die vyand aandurf bid hy en die volk in die tempel. Hulle bid om die oorwinning uit nood en benoudheid... hulle bid om die vervulling van hulle wense... hulle bid om geloof en vertroue op God.

Dan oordeel Dawid in sy Psalm dat die oplossing uit nood op een van twee vlakke kan wees. "Sommige vertrou op strydwaens of perde - maar hulle sal struikel en val".

Maar ons vertrou op die Here onse God... en ons sal regop en vas bly staan" (verse 8 en 9).

Sien u, om God te vertrou is die oplossing. Perde en wapens ... ja, menslike dinge is feilbaar en sterfbaar, maar God is ewig en onveranderlik. Daarom: Ons vertrou op God! Godsvertroue word gedra deur Bybellees, want daardeur leer jy jou God ken... dit word bevestig deur gebed, want dit bring kalmte en vrede met God. Godsvertroue is 'n lewenstyl wat ons elke dag deur God se genade moet aanleer. In jou nood ... vertrou op God. Dit werk!

Sing: Psalm 20:1 en 7

Ds. N.W. Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)